Swellendam

Munisipaliteit

Munisipale Kantoor
Posbus 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Faks No. (028) 5142694

Municipality

Municipal Office
P.O. Box 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Fax No. (028) 5142694

e-pos / e-mail : info@swellenmun.co.za

30 Augustus 2019

KENNISGEWING: PUBLIEKE DEELNAME

HERNUWING VAN HUURKONTRAK: SONSTRAAL SOPKOMBUIS, RAILTON

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Burgemeesterskomitee in beginsel besluit het om die kantoorspasie in die Gemeenskapsaal te Railton, wat reeds in gebruik was, te verhuur vir ‘n verdere periode van een (1) jaar, teen geen kostes, aan:

- **Sonstraal Sopkombuis**

Belangstellendes word genooi om skriftelike vertoë / kommentaar en of besware te rig aan die ondergetekende, nie later as **Maandag, 30 September 2019 om 12:00 nie**. Kommentaar / besware kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev D. Jonas sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.
Enige verdere navrae, kan gerig word aan Me L. Baransky by 028 514 8500 of liezel@swellenmun.co.za.

A.M. Groenewald
Munisipale Bestuurder

Kennisgewing H7/2019